LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

12 Maart 2017

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Petrie de Villiers

TWEEDE WEEK IN LYDENSTYD

Fokusteks uit Leesrooster: Joh 3:1-17

RCL tekste: Gen 12:1-4; Rom 4:1-17
Ps 121

Deurkollekte: Gemeentebediening

BELOFTELAND: 09:00 (3jr - Gr R)

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15

Sanel & Hennie: Gr 1 tot 4 in saal
Karin: Gr 5 in Klaskamer op verhoog
Jackie & Lizeri: Gr 6 in die "Gat"
Liesbet: Gr 7 in die "Gat:

Navrae: Sanel Woodward:
021 854 8276 OF 0827068642

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12 in Kerk @ 17:45:

Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK: Petrie vir diens

- Ons bid vir reën toewyding aan Jesus
- Kankerbehandeling: Paul Louw; Retha vd Westhuizen; Owen Wallis; Amanda Haasbroek
- Elsabe Dreyer herstel na operasie en Garies Dreyer was ook in hospitaal
- Donald van Rensburg vir gesondheid

SEëNWENSE:

- Gys en Karin van Veijeren het 'n kleinkind ryker geword.
- Willem & Annalie Botes het ook 'n 'n nuwe kleinseun ryker geword.

FOKUSTEKS: Joh 3:1-17

Hoe ons wedergeboorte werk, weet ons nie. Dit kom van God. Die wind waai waar hy wil. So ook die werk van die Gees. Die nuwe lewe is volledig 'n geskenk van God. Die vrug van die Gees se werk, die nuwe lewe in 'n gelowige, is iets wat mens ook so sien. Jy sien nie die aanraking van die Gees nie. Jy sien die vrug. Die vrug is geloof in Jesus, nuwe lewe, deel hê en deelneem aan die nuwe geloofsgemeenskap wat Jesus vestig. Daarom is die geloof wat ons in onsself vind, nie die gevolg van ons werke nie. Dit is 'n geskenk van God. Natuurlik het mense die verantwoordelikheid om te reageer op God se genade, om die genade met die leë hande van geloof te omhels, maar dat ons glo, kan ons God net voor dankie sê.

GEBEDSTEMA: MRT 2017

ONDERWERP: Beskermingsdienste

Week 3: 12 – 18 Mrt: Brandweer

(*Rig 15:4-5) Hy het toe 300 jakkalse gaan vang en hulle sterte twee-twee aan mekaar vasgemaak. Hy het fakkels gevat en tussen elke twee sterte 'n fakkel vasgemaak. Hy het toe die fakkels aan die brand gesteek en die jakkalse tussen die graan van die Filistyne losgelaat. Hy het die miedens en die graan op die land aan die brand gesteek, ook die wingerde en die olyfboorde.*

Gebedsversoek: Bid vir fisiese uithouvermoë onder moeilike en gevaarlike werksomstandighede. **Bid** dat wanneer hulle teen werklike vure stry, hulle God in hulle lewe sal hê & nie eendag die ewige vuur sal moet trotseer nie. **Bid** dat waar hierdie mense dikwels in brandende geboue moet ingaan en die gevaar loop om self ernstige brandwonde op te doen, die moed sal hê om voort te gaan om mense in noodsituasies te red.

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

19h30: Kooroefening @ Kerkgebou
Stephan Meyer; 082 832 9420

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 2&3
@ Konsistorie of Raadsaal.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Moederskamer;
Louis Steyn; 083 415 3031

09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 1&4
@ Konsistorie of Raadsaal.

12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021-853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

09h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 0825522423

06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold

19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Kom drink na die diens
'n heerlike koppie tee/ koffie in die voorportaal saam met ons.

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 0829492045



WEGNEEMETE 3 MAART 2017 (T.B.V. VOEDSELFEES)

En toe word ons Gemeente lekker bederf met "Jumbo" hamburgers, Kerrie & Rys en Pannekoek op Vrydagaand 3 Maart 2017.

'n Groot spesiale dankie aan al die raakvatters wat gehelp het met die voorbereiding, bak en kook van die Kerrie en die Rys, Hamburgers en Pannekoek. Ook aan die manne wat die Hamburgers so lekker gebraai het. Met so 'n besonderse groep se onderlinge samewerking kan dit nie anders dat alles seepglad verloop het nie.

Aan **WP Vleis Groothandelaars** (goulash vleis vir die kerrie), **Flameros** (jumbo patti's) en **Bread of Heaven** (jumbo broodrolletjies), sê ons ook baie-baie dankie vir hul mooi gesindheid teenoor ons Gemeente deurdat hulle die produkte teen kosprys aan ons verskaf het.

Voedselfees groete

Ons gemeente, Shekinah Aanbiddingsentrum, Strand, bied 'n Damestee aan op 25 Maart 2017 met Lindie Strydom van Geloof, Hoop en Liefde as Gasspreekster.

Ons wil u gemeente se dames graag uitnooi na die geleentheid.

Kaartjies is R150 pp.

Die dames kan my kontak by 082 821 6906 of epos by dalene.dvilliers@gmail.com.

Hoop ons kan hande vat en saam iets groots vir die Koninkryk doen.

Seënwense, Dalené de Villiers

Die Kerkraad het toestemming gegee vir die gebruik van die **ZAPPER selfoon toepassing** as ‘n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes.

Laai die “APP” gratis af van jou selfoon se “app store” Volg die instruksies om die bankkaart van jou keuse daaraan te koppel. Die meeste kredietkaarte (Visa- en Mastercard) kan gebruik word asook debietkaarte wat die “chip” in het. Capiteckaarte kan ook gebruik word, maar moet eers by ‘n tak vir aanlynaankope geregistreer word.
Nou kan jy die toepassing gebruik deur die kode (sien bo) te “scan”.
Die kode verskyn op ons nuusbrief en is ook by die ingange van ons kerkgebou. Jy kan dit op jou eie tyd en enige plek doen.

Nog iets om in gedagte te hou: Vir sekuriteit word aanbeveel dat jy in die “settings” van die app ‘n kode opstel wat jy elke keer moet intik voordat jy die betaling laat deurgaan. Jy sal van elke transaksie ‘n epos van Zapper ontvang.
Navrae: Annalie @ 021 853 5991

STRAND DIENSSENTRUM (NPO 011-303) PRAATJIE
DE VILLIERSSTRAAT 30, STRAND
Woensdag 15 Maart 2017 - 9h30 vir 10h00
TEMA: DOOF/BLIND SUID-AFRIKA:
Spreker : Philip Dobson (President : Doof/Blind Suid Afrika)
Kom luister en leer. Verversings en tee sal bedien word
Bespreek asb by ontvangs: 021-854 4552

Strand Dienssentrum
ACVV Dienstak

ACVV DIENSSENTRUM : HAARSALON open Maandag 13 Maart 2017 om 08h00.
DE VILLIERS STRAAT 30, STRAND
Om 'n afspraak te maak kontak Joan Oosthuizen by 021 8544 552 of 071 257 4237.
Dienssentrum lede geniet spesiale tariewe. Nie-lede ook welkom.

DIE RUIMTE SENTRUM IN MILLSSTR 96, VERKOOP WEER WEEKLIKS HEERLIKE DRUIWE, vars afgelewer vanaf De Doorns, vanaf Wo.15 Mrt ‘17 Koste: R60 vir 4 kg.
Plaas asseblief u bestelling teen Maandae vir afhaal op Woensdae.

Skakel Delmari/Gerda by 021 -854 8234

RUIMTE SENTRUM

PRINTING SPONSORED BY
PAM GOLDING PROPERTIES

Edelweiss Hankey 083 252 1964
edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
pamgolding.co.za

PAM GOLDING
PROPERTIES